# HOOFSTUK IV.

## ONDERWYS IN VEREENIGING GEDURENDE DIE KROONKOLONIE-BESTUUR (1902-1906) EN SELFBESTUUR (1907-1910).

### 1. Onderwys gedurende die kroonkoloniebestuur (1902-1906).

(a) Historiese agtergrond. Nadat die stryd van amper drie jaar tussen Boer en Brit op 31 Mei 1902 ten einde geloop het, het die Boerekrygsgevangenes van oorsee af teruggekeer na die kampe en aangesluit by hulle families. Hiervandaan het hulle teruggekeer na hulle plase. Die plase was alles behalwe wat dit was toe hulle op kommando gegaan het. "The whole country .... had been cleared of everything and was more like a wilderness than a country which should have been supporting some 200,000 people. All the farm houses had been laid waste, many of the smaller towns had been destroyed and scarcely a homestead remained intact"[1].

Dit is te verstane dat die kinders moes inspring en help met die opruiming van die puin en om die plase weer op te bou. Nie-blanke arbeid was skaars en die gevolg was dat baie van die kampskoolleerlinge, veral die oueres, nie verdere skoolonderrig ontvang het nie[2].

In 1902 reeds het die nuwe onderwysdepartement 'n aanvang gemaak met die oprigting van goewermentskole buite die kampe. Dit was tewens die beleid om die kampinwoners na hulle tuistes te volg met onderwyser, tent, meubels en skoolmateriaal en klein skooltjies te

/stig ..............

---

1. Artikel deur A.K. Bot oor H.J. Emous in: Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, 1 Julie 1955, 111.
2. Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 108.

stig soortgelyk aan dié van die kamp[1]. Baie van die tente waarin kampskole gehuisves was, is saamgeneem om te dien as skole en onderwyserskwartiere op die plase[2].

Dit is bekend dat die uitwerking van die kampskole en dus ook indirek van die oorlog self 'n groter behoefte aan onderwys meegebring het. Die Departement het dit dan as sy plig beskou om so gou moontlik in hierdie behoefte te voorsien en, indien enigsins moontlik, sonder enige onderbreking[3].

Alhoewel die onderwys op hierdie tydstip nog nie verpligtend was nie, is die kinders op verskeie maniere aangemoedig om hierdie pasgestigte goewermentskole te besoek. Die onderwys was gratis en skoolvoeding is verskaf, blykbaar deels om te dien as lokmiddel na die skole toe en deels om te voorsien in die volk se lewensbehoeftes. Aan die mense wat naby die skole gewoon het en losies aan leerlinge verskaf het, is toelaes betaal[4].

Die voertaal was Engels maar later het die owerheid die vergunning gemaak dat iemand in die omgewing wat Hollands behoorlik magtig was, aangestel kon word om hierdie taal te onderrig tot 'n maksimum van vyf uur per week. Hierdie vyf uur Hollandse onderrig het ook godsdiensonderrig ingesluit, en aangesien die meeste goewermentsonderwysers geen Hollands geken het nie, kon hierdie toegewing waar 'n buitestaander nie aangestel is nie, nie behoorlik tot sy reg kom nie[5].

/(b) <u>Onderwys</u> ......

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 82.
2. C.S.17114/02.
3. T.E.D. Report January to December 1903, 1.
4. Artikel deur A.K. Bot oor H.J. Emous in: Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, 1 Julie, 1955, 111.
5. Ibid.

(b) Onderwys onder die Milner-regime (Januarie 1903 - April 1905).

(i) Die Onderwyswet van 1903. Die Onderwyswet van 1892 wat nie sy doel kon dien onder die imperialistiese beleid van lord Milner nie, moes vervang word deur 'n nuwe. Die gevolg was die onderwyswet van 1903.

In opdrag van die Luitenant-Goewerneur-in-Rade moes die eerste Direkteur van die nuwe Transvaalse Onderwysdepartement, E.B. Sargant, 'n onderwysordonnansie opstel. Aan hierdie versoek is voldoen en 'n onderwysordonnansie wat in ooreenstemming was met die Milner-beleid, was teen die einde van 1902 gereed. Dit is as Ordonnansie no. 7 van 1903 wat op 25 Februarie 1903 deur die Wetgewende Raad van Transvaal goedgekeur is[1]. Die hoofbeginsels vervat in die Ordonnansie is[2]: 'n Departement van Openbare Onderwys met 'n Direkteur aan die hoof sou opgerig word; skole sou gestig, onderhou en geïnspekteer word; gratis laer onderwys sou aan blanke kinders voorsien word waar die gemiddelde skoolbesoek minstens dertig leerlinge tussen ses en veertien jaar is; Privaatskole met meer as tien leerlinge moes geregistreer word en hulle sou onderworpe wees aan inspeksie. Kwartaalstate in verband met die onderwysers en leerlinge moes verstrek word; die kerk en die staat moes saamwerk in verband met die godsdiensonderwys. Die godsdiensonderwys kon in die vorm van Bybelse Geskiedenis vir twee uur per week deur medium van Hollands onderrig word en dogmatiese onderwys kon deur predikante in Hollands vir een uur per week gedurende die skoolure gegee word; waar ouers dit

/sou versoek ......

---

1. (a) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 75-76.
   (b) Bot: The development of education in the Transvaal, 49.
2. (a) Ordonnansie no. 7 van 1903.
   (b) T.E.D. Public Education Report, 1900-1904, App. VIII.

sou versoek, kon Hollands as vak vir drie uur per week onderwys word; daar sou staatsteun vir blanke onderwys wees; beurse sou voorsien word aan belowende leerlinge; skole onder plaaslike beheer sou ook finansiële verpligtinge dra; adviserende skoolkommissies moes gestig word; en goewermentsonderwysers moes gesertifiseer wees en 'n kontrak met die Departement aangaan[1].

(ii) <u>Regulasies in verband met die Onderwyswet van 1903</u>.

<u>Skoolkommissies</u>. Die verkiesing van adviserende skoolkommissies sou deur die inspekteur van skole gereël word en 'n kommissie sou kon wissel van vyf tot twaalf lede met 'n dienstermyn van een jaar. Dit wil voorkom asof die skoolkommissies heelwat pligte gehad het, dog hulle seggenskap was beperk tot die benoeming van visitatore vir die ondersoek van klagtes wat deur ouers ingebring word in verband met die godsdiensonderwys, die bekwaamheid van die onderwyser, die behandeling van die leerlinge, die algemene orde en toestand van die skool en hulle sou ook die inspekteur in 'n adviserende hoedanigheid bystaan in verband met algemene sake rakende die skool[2].

<u>Skoolvakke en soorte skole</u>. Daar is in die Wet voorsiening gemaak vir die oprigting van laer, middelbare en 'n normaalskool. Die kinders is op vierjarige leeftyd tot die kleinkinderskole toegelaat.

Die skoolvakke in die laerskool was[3]:

/Kleinkinderskole...

---

1. Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 110-111.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 77-78.
3. (a) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 78.
   (b) T.E.D. Report January to December 1903, Appendix M.
   (c) Director of Education: Public Education report, 1900-1904, 32.

| Kleinkinderskole. | Hoër afdelings van die Laerskole. |
|---|---|
| Bybelse geskiedenis | Bybelse geskiedenis |
| Engelse lees en skryf | Engels lees, resiteer en skryf |
| Hollandse lees en skryf | Hollands lees, resiteer en skryf |
| Rekene | Rekene |
| Aanskouingslesse | Tekene |
| Kindertuin | Naaldwerk |
| Naaldwerk | Natuurstudie |
| Tekene | Aardrykskunde |
| Sang | Geskiedenis |
| Liggaamsoefening | Sang |
| | Liggaamsoefening |

Met die nodige goedkeuring van die inspekteur kon die elementêre kursus ook nog drie van die volgende vakke insluit: Handwerk, Tuinwerk, Huishouding, Elementêre Natuurwetenskap, Algebra en Meetkunde en 'n moderne taal.

(iii) Staatskole in Vereeniging in 1903.

Organiserende inspekteurs en distrikshoofonderwysers.

Die hulp van 'n aantal inspekteurs is deur die nuwe Onderwysdepartement benodig in verband met die uitvoering van sy werksaamhede. Transvaal is gevolglik in elf inspeksiekringe verdeel wat ongeveer in ooreenstemming met die grense van die magistraatsdistrikte was. Dié distrikte is op hulle beurt weet onderverdeel in onderdistrikte elk met 'n distrikshoofonderwyser aan

/die spits .........

die spits[1].

C. Mansfield is van die begin van daardie jaar af (1903) aangestel as inspekteur oor die skole in die distrikte Pretoria en Vereeniging, maar in die loop van die jaar is die inspektorale kringe oorgerangskik. In Maart is die Vereenigingse skole weggeneem van die Pretoriase kring en weer by Heidelberg gevoeg. Teen die einde van die boekjaar Julie 1902 - Junie 1903 is vier nuwe inspekteurs in Engeland gewerf en een daarvan, F.H. Thompson, is aan Vereeniging toegewys. Die rede waarom personeel in Engeland gewerf is, was om persone te bekom „who brought out with them the best traditions of the older English Universities"[2].

Skole aan die einde van 1903. Vir sover dit die oprigting van 'n skool op die dorp Vereeniging aangaan, is op 'n vergadering van die Uitvoerende Raad, gehou in November 1902, 'n aanbod van Marks voorgelê waarin £500 en klippe teen halfprys belowe is vir die oprigting van die skool. Dit is dan ook besluit om Marks se aanbod aan te neem en om 'n skool op te rig wat vyftig leerlinge sal kan huisves. Die koste verbonde aan die oprigting van die skool moes nie £1,500 te bowe gegaan het nie[3].

In Julie 1903 is 'n skooltjie geopen op die terrein van die Mynmaatskappy, net buite Vereeniging, en dit het die naam gedra van „Vereeniging Mine School"[4].

/Op 'n ..............

1. T.E.D. Report January to December 1903, 1-2.
2. Ibid.
3. Executive Council, Transvaal, Minutes: 21.6.1902-31.12.1902, Vol. 1, 159.
4. T.E.D. Report January to December 1903, 67.

Op 'n mosie van die Kommissaris van Lande is besluit dat erf no. 721, 722, 723, 730, 731 en 732 in Vereeniging, in terme van Seksie 12 van Ordonnansie no. 57 van 1903 (The Crown Land Disposal Ordinance) in die naam van die Koloniale Sekretaris as 'n terrein vir opvoedkundige doeleindes, bespreek sal word[1]. Dit blyk egter dat daar 'n verandering op hierdie mosie gekom het, want in die Direkteursverslag van daardie jaar is aangedui dat erf no. 721, 722, 723, 731, 732 en 733 vir onderwysdoeleindes aangeskaf is[2]. Ook maak die Direkteur bekend dat £2,000 bewillig is vir die bou van 'n skool op Vereeniging[3].

Die volgende plaasskooltjies is in die Vereenigingse distrik geopen in die tydperk 1 Julie 1902 tot 30 Junie 1903[4]:

| | | |
|---|---|---|
| <u>1902</u>. | Oktober: | Slangfontein |
| <u>1903</u>. | Februarie: | Vlakfontein |
| | | Witkop |
| | Maart: | Hartzenbergfontein |
| | April: | Schoongezicht |
| | Mei: | Vlaklaagte |
| | Junie: | Nooitgedacht |

(iv) <u>Inspeksierapport 1903</u>.

<u>Akkommodasie</u>. In die verslag oor die inspeksie van skole maak inspekteur Thompson gewag daarvan dat waar

/markeetente .......

---

1. Transvaal Executive Council Minutes, 1903, Resolution 942.
2. T.E.D. Report January to December 1903, 105.
3. Ibid., 90.
4. Ibid., 68.

markeetente gebruik is, is dit goed toegerus met banke, skryfbord en muurversierings maar daar is 'n tekort aan muurkaste om die skoolmateriaal in te bêre. Goedkeuring is egter verkry vir die verkryging van muurkaste. Hy sê ook dat daar 'n groot gebrek is aan die behoorlike voorsiening van sanitêre geriewe en hoederakke in hierdie distrik[1].

Leerlinge. Die gemiddelde kind in die skool is baie vlytig, oorgretig om te leer en maklik hanteerbaar. Die ouers stel baie belang in die kinders se vordering en is nie tevrede tensy 'n groot hoeveelheid voorbereidingswerk tuis verrig word nie. Die inspekteur meen dat permanente geboue wanneer dit verkry is 'n gees van saamhorigheid sal teweegbring. „There is little or no esprit de corps"[2].

Versamelings en korrespondensie. Thompson was 'n voorstander van die versameling van verskillende voorwerpe deur die leerlinge. Dat hy met die Vereenigingse leerlinge sukses in dié opsig behaal het, blyk uit sy woorde: „I have succeeded in getting a fairly satisfactory collection of rocks and in one school two collections of beetles, while several attempts have been made to procure botanical specimens, especially of wild flowers, from the children[3].

Ook het hy uitstappies met die oog op die natuurkennislesse ingestel.

/Kort nadat .......

1. T.E.D. Report January to December 1903, 14.
2. Ibid., 20.
3. Ibid., 34.

Kort nadat inspekteur Thompson diens aanvaar het, probeer hy kinders in die skole van sy kring sover te kry dat hulle korrespondeer met kinders van skole in Engeland. "..... I should like to add that I am endeavouring to bring each of my schools into correspondence with an English school in the Surrey District. The object of this movement is to bring the children in the schools of the Colonies into closer touch with the children in the schools at home"[1]. Met hierdie handelswyse wou die inspekteur blykbaar die standaard van Engels hier verhoog, of hy wou die Afrikanerleerlinge stelselmatig verengels.

(v) <u>Die onderwys gedurende 1904</u>.

<u>Algemene toestande</u>. Die algemene onderwystoestande op die dorp Vereeniging gedurende die jaar 1904 word weerspieël in die volgende tabel[2]:

| Skool | Totale Gem. Inskrywing | Totale Gem. Skoolbesoek | Aantal Onderwysers |
|---|---|---|---|
| Vereeniging | 77.3 | 64.8 | 3 |
| Vereenigingse myne | 53.6 | 42.4 | 2 |

Die samestelling van hierdie twee skole se kinders was soos volg[3]:

| Skool. | Std. 1 | Std. 2 | Std. 3 | Std. 4 | Std. 5 | Std. 6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vereeniging | 1 | 9 | 10 | 5 | 1 | 2 | 28 |
| Vereenigingse myne | 2 | 4 | 4 | 2 | 1 | 1 | 14 |

1. T.E.D. Report January to December 1903, 34.
2. Ibid., 64-65.
3. Ibid.

Aan die einde van 1904 het onderskeidelik die volgende getal leerlinge geslaag[1]:

Vereeniging .. .. .. .. .. .. .. .. .. 21.

Vereenigingse myne . .. .. .. .. .. .. 10.

Die skool op die dorp is gedurende die laaste kwartaal van 1904 geopen[2]. Die bouwerk is onderneem deur dr. T.N. Leslie vir £1,980 en het vroeg in 1904 in aanvang geneem[3]. Die gebou is in Oktober van dieselfde jaar voltooi en kort daarna is dit in gebruik geneem. Hierdeur is opgehou met die skoolhou in tente, wat met stofstorms gedurende Julie en Augustus herhaaldelik omgewaai het, sodat die skool telkemale gesluit moes word en die kans om te skryf maar minimaal was[4].

Talle faktore het meegewerk om die skoolbesoek van hierdie skool op 'n lae peil te bring, soos Joodse vakansiedae, nat weer in Februarie en Oktober, vervoermoeilikhede van die kinders na die skool toe en epidemies soos skarlakenkoors, masels, kinkhoes, koues en seer oë - almal siektes wat so erg was dat die mediese beampte verplig was om die skool te laat sluit[5].

Ten spyte van al hierdie struikelblokke was die gehalte van die werk gelewer onder die prinsipaalskap van D. Rees uitstekend, veral wat betref sang, rekenkunde, kaarttekening, naaldwerk en opstelwerk[6].

Die hoof was besonder lief vir sang; hy het

/jaarliks .........

---

1. T.E.D. Report January to December 1903, 64-65.
2. Ibid., 4.
3. Government Gazette Notice 334/04, gedateer 3.6.1904.
4. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 61.
5. (a) Ibid.
   (b) Bevestig deur mev. Smith.
6. Stander: a.w., t.a.p.

jaarliks in Desember nadat die skool gesluit is kinders afgerig en op Kersaand konsert gehou in Dembo se winkel [1].

'n Vak wat aanvanklik baie afgeskeep is, is Hollands, wat met toestemming van die prinsipaal deur die meeste leerlinge nie geneem is nie; en waar dit nog deur enkelinge gekies is, is dit deur middel van Engels aan die kind geleer [2]. Hierdie saak het egter die nodige aandag geniet en is verbeter nadat daar gesorg is vir 'n onderwyser wat bekwaam was om Hollands deur medium van Hollands aan die kinders te leer [3]. Die vak het hierna tot sy reg gekom en daar het jaarliks ook kandidate ingeskryf vir die „Z.A. Taalbond Lager" en „Hoger eksamens". Besonder goeie resultate is behaal deur hierdie leerlinge [4].

Vir sover dit die onderwys in die distrik aangaan, was daar op hierdie tydstip reeds weer sewe skooltjies in werking. Dit skyn asof die goeie werk in verband met die onderwys in die distrik wat voor die oorlog begin is nie vergeet is nie maar dat die drade weer gou opgetel is.

Inspeksierapport 1904. F.H. Thompson, die inspekteur van die Heidelbergse kring, waaronder Vereeniging tuisgehoort het, wys in sy verslag van hierdie jaar daarop dat hy meer tyd in dié jaar aan die inspeksie van skole bestee het. Dit was vir hom bykans onmoontlik om 'n oordeel te vel oor die metodes van onderrig, „though the success or otherwise of the children is a great aid in arriving at the real value of the work" [5].

/Die hoofonderwyser...

---

1. Leslie: Herinneringe, 239.
2. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 61.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. T.E.D.Report January to December 1904, 31.

Die hoofonderwyser het elke skool een maal per kwartaal besoek met die doel om die skool onder normale toestande te sien en om algemene wenke te gee. Ook het die inspekteur elke skool een maal per jaar sonder kennisgewing besoek. Hy was van mening dat sulke besoeke van groter waarde is as sy besoeke met die doel om formele eksamens af te neem[1].

Die inspekteur het vervolgens ook voorgestel dat die inspekteur die reg kry om formele eksamens af te gelas in skole waar hy tevrede is met die algemene vordering van die skool. Geen skool moes so 'n vrystelling ontvang nie, tensy die inspekteur tevrede gestel is vir sover dit die „syllabus of work submitted, the thoroughness of the examination held by the teacher at the end of each term and the general organization and discipline of the school" betref nie[2].

Die onderwys het gedurende die betrokke jaar volgens die verslag bevredigend gevorder, en aangesien al die skole toe behoorlike huisvesting gebied het, het hy 'n nog groter mate van vooruitgang in die toekoms verwag.

Oor die volgende vakke rapporteer hy soos volg:

Hollands: Die onderrig in hierdie vak het baie verbeter sedert hy laas verslag uitgebring het, alhoewel die skole geweldig gely het as gevolg van die gebrek aan die nodige Hollandse boeke. Lees is „not more than fair"; die resitasies was dikwels onduidelik en onverstaanbaar. Voldoende klem is nie op grammatika en opstelle gelê nie.

Engels: Die lees van Engels was oor die algemeen bevredigend

/maar hy ...........

---

1. T.E.D.Report January to December 1904, 31.
2. Ibid.

maar hy sou gesien het dat die onderwyser meer gebruik maak van die skryfbord by die onderrig van hierdie taal. Meer leesstof was ook nodig. Dit was die uitsondering as 'n klas meer as een boek in die loop van die jaar gelees het. Dit was dus 'n heeltemal onbevredigende toedrag van sake.

Handskrif: In hierdie opsig was die inspekteur tevrede, maar hy het daarop gewys dat beginners geleer moes word om met hoofletters te skryf. Die algemene fout wat hy gevind het, was dat die alfabet aan die beginners geleer is in plaas van die saamgroepering van letters met dieselfde bewegings.

Opstelle: In dié opsig was die inspekteur heeltemal tevrede.

Grammatika: Die inspekteur was die mening toegedaan dat dit nie die nodige aandag geniet het wat dit verdien het nie. „Too much time is devoted to formal definitions and exercises in parsing, to the neglect of the more useful and essential parts of speech are taught as the result of practice without analysis"[1].

Rekene: „There is room for very considerable improvement in this subject. Exercises of a problematic and practical nature are too frequently neglected. I regret to find the 'test card' craze beginning to appear in this country"[2].

Geskiedenis: Bloedweinig is hieromtrent gedoen in die skole wat besoek is. Geen „folk stories" is meegedeel nie.

(c) Onderwys onder die Selborne-bestuur (1905-1906)

/(i) Die begin.....

---

1. T.E.D.Report January to December 1904, 32.
2. Ibid.

(i) Die begin van Selfbestuur. In April 1905 het lord Milner, die Goewerneur van die Kroonkolonies, sy amp neergelê. Hy is opgevolg deur lord Selborne, 'n vérsiende en gematigde staatsman [1]. Op 6 Desember 1906 is aan die Transvaal verantwoordelike bestuur toegeken [2].

(ii) Die Selborne-memorandum, 1905. Lord Selborne het deur 'n persoonlike ondersoek met betrekking tot die onderwys deurgedring tot die kern van die opvoedkundige moeilikheid in Transvaal, nl. die keuse van onderwysers deur plaaslike besture en die Hollandse taalkwessie. Die gevolg was dat op 17 November 1905 die Selborne-memorandum uitgevaardig is, samevattend met die volgende inhoud: Verpligte primêre onderwys; adviserende skoolkommissies, benoem deur die Luitenant-goewerneur, vir skole met meer as 60 leerlinge, met 'n adviserende stem by die keuse en skorsing van onderwysers; adviserende skoolrade; en die moedertaal as medium van onderrig gedurende die vroeë jare van die kind se skoollewe [3].

(iii) Die ontwikkeling van die onderwys in Vereeniging van Januarie 1905 tot Junie 1906.

Inspekteurs. F.H. Thompson wat tot dusver die Heidelbergse kring behartig het, het vir die tydperk geëindig 30 Junie 1905 as gevolg van 'n reduksie in die inspektoraat ook 'n deel van die Standerton-kring bygekry, nl. Standerton en Bethal [4].

/T.G. Ligertwood ...

---

1. (a) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 84.
   (b) Bot: The development of education in the Transvaal, 61.
2. Coetzee: a.w., t.a.p.
3. (a) T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1906, Appendix II, 152-157.
   (b) Coetzee: a.w., 85-87.
   (c) Malherbe: Education in South Africa, 325-329.
4. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1905, 1.

T.G. Ligertwood is in die Direkteursverslag van 1906 genoem as die inspekteur van die Heidelbergse kring [1].

Adviserende skoolraadsdistrik. 'n Afsonderlike adviserende skoolraadsdistrik is gevorm vir Vereeniging. Dit het wyk III van die magistraatsdistrik van Heidelberg ingesluit asook die plase Van Wijksrust 54 en Roodepoort 49 in wyk I; Rietvlei 126 in wyk IV en Rooikop 60 van die Witwatersrandse distrik. Die aantal skole hier ingesluit, was 12 en die sekretaris was L.M. Foggin [2].

Inspeksie. Foggin doen namens die inspekteur wat met verlof was verslag oor die onderwystoestande in sy distrik en meld o.a. die volgende [3]:

Algemeen: Die afgelope jaar was van 'n stadige vooruitgang. Hy is die mening toegedaan dat, as onvoorsiene ontwikkelings nie plaasvind nie, die vooruitgang in die toekoms nog stadiger sal wees.

Hy wys daarop dat F.H. Thompson hierdie kring op 1 Januarie 1906 as inspekteur verlaat het en tans werksaam is in die Johannesburgse kring. Ligertwood, voorheen Superintendent van Randse skole, het Thompson as inspekteur opgevolg. Die toentertydse inspekteur is egter sedert 10 April met verlof oorsee [4].

Leerplan: Die neiging wat in die laaste jaar in hierdie kring ontstaan het, was om die leergange te verbreed. Die aantal kinders wat Hollands geneem het in verhouding tot die totaal het geweldig toegeneem as gevolg van die vermeerdering van onderwysers wat onderrig in hierdie vak kon gee.

/Geskiedenis ......

---

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1906, 14.
2. Ibid., 22.
3. Ibid., 53-55.
4. Ibid., 53.

Geskiedenis en Aardrykskunde het as vakke ook 'n prominente plek in die laaste jaar ingeneem.

Kuns en Sang is in feitlik alle skole onderrig, maar in sommige gevalle was die onderwysers se kwalifikasies baie ontoereikend.

Die aantal kinders wat onderrig in liggaamsoefeninge ontvang het, het van jaar tot jaar toegeneem. Die Sekretaris het gemeen dat dit 'n aanduiding is van die Hollanders se vooroordeel teen die drilmetode.

Naaldwerk was nog 'n vak wat in toenemende mate onderrig is. Die rapporteur het gemeen dat omtrent 80% van die dogters in alle skole in sy distrik onderrig in hierdie vak ontvang het[1].

<u>Lesrooster</u>: 'n Gemiddelde rooster in klein skooltjies met een of twee onderwysers in hierdie kring was min of meer soos volg[2]: Weeklikse skoolure: 25. Dit is soos volg saamgestel:

| | Uur per week. |
|---|---|
| Engels | 5 |
| Hollands | 5 |
| Rekenkunde | 5 |
| „Recess" | 2½ |
| Kuns/Naaldwerk | 2 |
| Skrif | 1 |
| Geskiedenis en Aardrykskunde | 1 |
| Sang | 1 |
| „Object Lesson" | 1 |
| Liggaamsoefening | 1 |
| Totaal | 25 |

/<u>Handwerksentrum</u>....

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1906, 53.
2. Ibid., 54.

Handwerksentrum: Die instelling van 'n handwerksentrum op Vereeniging het voorlopig deur die mat geval, aangesien die aantal seuns van 'n geskikte ouderdom vir hierdie klasse vinnig en onverwags gedaal het. Die nodige uitrusting vir die Sentrum was alreeds ontvang, maar dit is weer versend na die skool op Modderfontein (Dinamietfabriek)[1].

Skoolbiblioteke: Gedurende die jaar is vyf kaste boeke van die Victoria League ontvang. Daar was geen moeilikheid om afset vir hierdie boeke te kry nie. Die koste van die spoorvrag asook die koste vir verspreiding plus 'n minimale bedraggie het die prys van die boeke uitgemaak[2].

„League of the Empire": Drie of vier skole van hierdie distrik het nog gekorrespondeer met skole in Engeland, maar die neiging het bestaan om na 'n paar briewe die korrespondensie te staak[3].

Leerlinge: Die volgende is die klassifikasie van die 2,082 ingeskrewe leerlinge in dié distrik op 1 Junie 1906[4]:

| Standerd | Getal leerlinge | Gemiddelde ouderdom | |
|---|---|---|---|
| | | Jaar | Maande |
| Graad i | 270 | 7 | 4 |
| ii | 195 | 8 | 11 |
| iii | 275 | 9 | 5 |
| Std. I | 301 | 10 | 4 |
| II | 268 | 11 | 7 |
| III | 272 | 12 | 9 |

/IV................

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1906, 54.
2. Ibid.
3. Ibid., 55.
4. Ibid.

| Standerd | Getal leerlinge | Gemiddelde ouderdom | |
|---|---|---|---|
| | | Jaar | Maande |
| Std. IV | 199 | 14 | 3 |
| V | 166 | 14 | 7 |
| VI | 94 | 15 | 4 |
| VII | 28 | 16 | 4 |
| Bo VII | 15 | 15 | 7 |

Vir die dorpskole is die volgende gegewens verstrek[1]:

| Skool | Totale Gem. Inskrywing | Totale Gem. Bywoning | Getal onderwysers op 29.6.06 |
|---|---|---|---|
| Vereeniging | 109.7 | 96.9 | 4 |
| Vereenigingse myne | 38,6 | 33.4 | 2 |

<u>Skole onder beheer van die Vereenigingse Adviserende Raad</u>[2]:

/Naam .............

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1906, 213.
2. Ibid., 250.

| Naam | Klas | Personeel | | Sal. |
|---|---|---|---|---|
| | | Naam | Sertifikaat | £ |
| Vereeniging | III | D. Rees | II | 345 |
| | | Mej. M. Liebenberg | 3.P | 150 |
| | | mev. E.E. Rees | III | 144 |
| | | mev. E.M. Morrison | III | 200 |
| De Deur | IV | F. Kolkenbeck | 3.P | 200 |
| Hartzenbergfontein | IV | J.J. Schenck | 3.P | 150 |
| Kliprivier | IV | J.N. Watts | II | 280 |
| | | mej. A. Hattingh | III | 165 |
| | | G.W. van Eeden | L.A. | 90 |
| Kaalplaats | IV | mej. J.P. van 't Haaf | III | 270 |
| | | mej. B. Steyn | 3.P | 120 |
| Natal Spruit | IV | mej. C. Marais | III | 172 |
| | | mej. E.J. de Villiers | 3.P | 120 |
| Roodepoort Nek | IV | - Geen Personeel - | | |
| Vischgat | IV | J.W. Joubert | 3.P | 150 |
| Van Wijksrust | IV | J. van Dyl | II | 320 |
| | | mej. M.L. Pavitt | 3.P | 120 |
| Vereenigingse myne | IV | mej. M. Scott | 3.P | 220 |
| | | mej. A. Parfitt | L.A | 90 |
| Witkop | IV | P.R. Crause | 3.P | 220 |
| | | mej. D.A.M. Rautenbach | III | 165 |
| Slangfontein | IV | mej. E.R. Rawlins | II | 250 |
| | | mej. M. Stilwell | 3.P | 150 |
| Sekretaris van skoolraad: L.M. Foggin | | | II | 445 |

/(d) Die ..........

(d) Die C.N.O.-beweging in Vereeniging (1903-1906).

(i) Die ontstaan van die Beweging. Die staatskole met alles wat daarmee in verband gestaan het, was vreemd aan die tradisies van die Boerenasie. Die Boerekinders moes, tensy hulle sonder onderwysgeleentheid wou klaaskom, noodwendig van die regeringskole gebruik maak. Hierdie onoordeelkundige en onopvoedkundige beleid van die Britse owerheid het verreikende gevolge gehad [1].

Die staatkundige vrede het nog nie vrede in die hart van die Boerevolk gebring nie en 'n kultuurstryd het ontvlam om dit wat aan die volk eie is te behou. Die gevolg was dat die C.N.O.-gedagte sterk op die voorgrond getree het as teenvoeter van die angliseringsproses en die eliminering van Hollands as taal [2]. 'n Ligstraal in hierdie omstandighede was beslis die bereidwilligheid van sekere Republikeinse onderwysers om C.N.O.-skole te stig, waarin die ou tradisies van godsdiens en taal gehandhaaf kon word [3].

Die ontstaan van die C.N.O.-beweging is te danke aan die „Vriendenkring" wat op 16 Junie 1901 deur 'n sestal Hollandse onderwysers in Pretoria gestig is. Die „Vriendenkring" het hom dit ten doel gestel om H.J. Emous, 'n Amsterdamse .....

---

1. Arnold: Die christelik-nasionale onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 23.
2. (a) Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 352.
   (b) Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 20.
3. Artikel deur A.K. Bot oor H.J. Emous in: Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, 1 Julie 1955, 111.

'n Amsterdamse skoolhoof, inligting te verskaf omtrent die toestand waarin die Hollandse onderwysers hulle alhier bevind en om finansiële hulp te verleen aan noodlydende kollegas en hulle gesinne.

Die „Vriendenkring" het dan ook van 1901 af geld uit die „Fonds ten behoeve van het Hollands onderwijs in Zuid-Afrika" uit Amsterdam ontvang. Daar is ook by die bekende onderwysers aangedring om eie C.N.O.-skole te stig. Die „Vriendenkring" het voorlopig steun van onderskeidelik £8 en £5 per maand aan getroude en ongetroude onderwysers belowe, mits hulle skole minstens 15 leerlinge sou hê [1].

(ii) Die stigting van 'n C.N.O.-skool in die Vereenigingse distrik. Die bestaan van slegs een C.N.O.-skool in die Vereenigingse distrik kon opgespoor word. Hierdie skool was geleë te Alewijnspoort. Dit was in die wyk van ouderling J.A. van Jaarsveld en die onderwyser was S.G. Wiechers, houer van 'n derdeklassertifikaat [2].

In 1904 was die aantal kinders 42 [3]. In 1905 was die getal kinders van die Gereformeerde Kerk in die skool 38 en is Wiechers bygestaan deur 'n assistente, mej. H.E. Smit [4]. In 1907 word die getal leerlinge aangegee as 40 [5].

Die verpligte leervakke vir C.N.O.-skole was: Bybelse Geskiedenis, Aanskouingsonderwys, Hollandse lees, /Nederlandse .......

---

1. (a) Artikel deur A.K. Bot oor H.J. Emous in: Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, 1 Julie 1955, 111.
   (b) Bot: A century of education in the Transvaal, 71.
2. Almanak voor de Geref. Kerk, 1904, 71.
3. Ibid.
4. Ibid., 1905, 71.
5. Ibid., 1907, 72.

Nederlandse taal, Skryf, Rekene, Sang, Resitasie, Geskiedenis en Aardrykskunde van Suid-Afrika. 'n Grondige kennis van Engels, om by die landstoestande aan te pas, is as noodsaaklik beskou[1].

2. Onderwys onder Selfbestuur (1907-1910).

(a) Die Smuts-onderwyswet van 1907 (no. 25 van 1907).

Waar die Sargant-wet van 1903 aan die imperialistiese beleid van lord Milner moes voldoen, moes die onderwyswet van lord Selborne van 1905 rekening hou met die C.N.O.-beweging.

Genl. J.C. Smuts is, nadat aan Transvaal op 6 Desember 1906 selfbestuur toegestaan is, vroeg in 1907 benoem tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys. Sy nuwe grondwet vir die onderwys, waarin hy 'n nasionale onderwysstelsel wou skep waarmee albei die bevolkingsgroepe tevrede sou wees, is op 19 Augustus 1907 deur die Parlement goedgekeur[2]. Dit het van 1 Oktober 1907 af van krag geword[3].

Hierdie onderwyswet maak voorsiening onder andere vir die sentrale beheer van die onderwys, 'n onderwysraad, gratis maar verpligte onderwys tussen die jare 7 en 14, die voertaalvraagstuk, die godsdiensonderwys op skool en die plaaslike bestuur van skole[4].

(b) Vordering op onderwysgebied in Vereeniging, 1907-1910.

(i) Samestelling van die eerste Adviserende skoolraad.

In 1905 het lord Selborne adviserende skoolrade voorgestel om toesig te hou oor die onderwys in die distrikte en om te dien

/as kanaal .........

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 96.
2. Ibid., 98.
3. Ibid.
4. Ibid., 98-104.

as kanaal tussen die skoolkommissies en die Direkteur van Onderwys. Die wenk is opgevolg en in Desember 1905 is regulasies vir die samestelling en funksies van skoolkommissies en adviserende skoolrade gepubliseer [1].

Op 16 Mei 1906 is 'n vergadering van afgevaardigdes gehou om die eerste adviserende skoolraad te kies vir die distrik. Die ses persone wat as lede verkies is, was: S.H. van den Berg, dr. H.B. Mansell, J.H. Cloete, M. Sutherland, W. Harvey en F.J.C. Kruger [2]. Die drie lede wat benoem is, was die resident-magistraat van Heidelberg, F.L. Aitchison (ex officio-voorsitter), A. van Driel en dr. E.J. Nixon. L.M. Foggin is deur die Direkteur tot skoolraadsekretaris benoem [3]. Aitchison het as voorsitter opgetree tot by die vergadering van 3 September 1906, maar van 4 Desember 1906 af was magistraat P.C. Cochran voorsitter [4]. Van 26 Julie 1907 af het H. Dale as sekretaris van die raad opgetree [5].

Op 23 Desember 1907 het die eerste skoolraad sy laaste vergadering gehou aangesien 'n nuwe raad ingevolge die Onderwyswet van 1907 in Januarie 1908 saamgestel sou word [6].

(ii) Die eerste skoolraad onder die Smutswet. Die eerste skoolraad wat saamgestel is ooreenkomstig die bepalings van die Smutswet, het uit die volgende persone bestaan: A. von Geusau (voorsitter), ds. P. Postma (vise-voorsitter), ds. A.J. Louw, eerw. P.N. Aldous, ds. J. van Belkum, D.J. Zeeman,

/J.H. Jacobs ......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 85-87.
2. Notule Skoolraad van Heidelberg, 16.5.1906.
3. Ibid., 22.0.1906.
4. Ibid., 3.9.1906 en 4.12.1906.
5. Ibid., 26.7.1907.
6. Ibid., 23.12.1907.

J.H. Jacobs, W.W.J.J. Bezuidenhout, W.F. Pretorius, T.N. Leslie, E. Dunstan en F.J. Bezuidenhout, jnr.[1].

Die eerste vergadering van hierdie Raad is op 7 Januarie 1908 gehou. Op hierdie vergadering was die belangrikste saak die kies van 'n sekretaris. Die keuse het geval op G.C. Bär[2].

Die raad het sy taak met erns en toewyding aangepak. Dit spreek uit die notule van die tweede vergadering, wat eintlik die eerste werksvergadering was. Dit het in drie sessies van die oggend om tienuur tot die nag om half-twaalf op 22 Januarie 1908 geduur[3]. Wat op hierdie vergadering van belang was, was die houding van die raad teenoor die beginsel van sentralisasie. Die raad was volkome ten gunste daarvan en sou dit in gedagte hou by die stigting van nuwe skole. Die oprigting van klein skooltjies sou sover moontlik vermy word[4]. In hierdie opsig is die raad gesteun deur die inspekteur van onderwys, T.G. Ligertwood, wat dit elke jaar in sy inspeksierapport beklemtoon het en wenke aan die hand gegee het hoe om dit tot uitvoer te bring[5].

Die raad het dadelik die begeerte van die platteland gevoel om meer skole daar op te rig. Op sy eerste werksvergadering is die oprigting van vyf nuwe skole bespreek en bekragtig. Nege aansoeke vir die oprigting van skole het ook ter sprake gekom en het oorweging geniet[6].

/(iii) Die .........

---

1. Notule, Skoolraad van Heidelberg, 7.1.1908.
2. Ibid.
3. Ibid., 22.1.1908.
4. Ibid.
5. (a) T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1907, 53.
   (b) Ibid., Report for the year ended 30th June, 1908, 72.
6. Notule, Skoolraad van Heidelberg, 22.1.1908.

(iii) Die C.N.O.-skool op Alewijnspoort onder selfbestuur. Na die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal in 1906, het genl. Smuts in sy toesprake, as Minister van Onderwys die volk probeer oortuig dat die nuwe regeringskole die mense sou gee wat die C.N.O.-beweging probeer bereik het. Die gevolg was dat baie C.N.O.-skole hulle begin oorgee het aan die regering weens gebrek aan die nodige middele en 'n verflouing van entoesiasme [1]. Ook die skool op Alewijnspoort het vanaf 1907 as C.N.O.-skool opgehou om te bestaan [2].

(iv) Die uitbreiding van die staatskole (1907-1910). In die volgende tabel word die skole in Vereeniging aangetoon wat gedurende die tydperk onder behandeling bestaan het. Die gemiddelde inskrywing en gemiddelde skoolbesoek vir 1910 asook die personeel wat vir die afgelope vier jaar aan die skole verbonde was, word aangedui [3]:

| Skool | Gem. Inskrywing | Gem. Skoolbesoek | Personeel |
|---|---|---|---|
| Vereeniging | 91 | 79 | D. Rees<br>mej. M. Liebenberg<br>mev. E.E. Rees<br>mev. E.M. Morrison<br>mej. M. Kriel<br>mej. G. Kriel<br>mej. A. Malherbe<br>mej. A. Parfitt<br>mej. J.M. Lindley |
| De Deur | 41 | 31 | F. Kolkenbeck<br>J.F. Marais |

/mej. J.M. Lindley..

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 119.
2. Direkteur van Onderwys: Brief aan Sekretaris, Heidelbergse Skoolraad, Mei 1907.
3. (a) T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1907, Appendix II, 161.
   (b) Ibid., Report for the year ended 30th June, 1908, Appendix II, 165-167.
   (c) Ibid., Report for the year ended 30th June, 1909, Appendix IV, 202-203.
   (d) Ibid., Report for the year ended 30th June, 1910, Appendix IV, 284-285.

| Skool | Gem. Inskrywing | Gem. Skoolbesoek | Personeel |
|---|---|---|---|
| De Deur (vervolg) | | | mej. J.M. Lindley<br>mej. J.C. Winterbach |
| Hartzenbergfontein | 31 | 27 | J.J. Schenck<br>H. Vrugt<br>mev. E.S. v.d.Hoven |
| Kliprivier (Gesluit 1907) | | | J.N. Watts<br>mej. A. Hattingh<br>G.W. van Eeden |
| Kaalplaats (Gesluit 1907 | | | mej. J.P.van 't Haaf<br>mej. B. Steyn |
| Vischgat | 39 | 32 | A.C. Dekker<br>C.J. Watts |
| Vereenigingse myn (Gesluit 1907) | | | mej. B. Scott<br>mej. A. Parfitt |
| Witkop | 33 | 24 | P.R. Crause<br>mej. D.A.M. Rautenbach<br>M.J. Erasmus<br>mej. M.J.W. Malan |
| Slangfontein | 55 | 47 | mej. E.R. Rawlins<br>mej. M. Stilwell<br>mej. G.M. Yeld<br>mej. K. van Schalkwyk |
| Alewijnspoort | 45 | 37 | S.G. Wiechers<br>O.G.P. Grosskopf |
| Modderfontein | 54 | 49 | C.J. v.d. Heever |
| Vlakplaats | 37 | 32 | J.J. Hoek<br>mej. F.M. Vos |

(v) Geboue. Die bouprogram het in hierdie periode ook stadigaan vooruitgegaan. Op 30 Junie 1910 rapporteer die Direkteur dat op De Deur 'n skoolgebou wat 48 leerlinge kon

/huisves .........

huisves vir £279.2.0 aangekoop is[1]. Ook op Alewijnspoort was die primêre skoolgebou vir £908.13.8 in aanbou[2].

Die skoolgebou op Slangfontein is deur die owerheid goedgekeur vir oprigting in die boekjaar 1910/1911[3].

(vi) Inspeksierapporte. In sy inspeksierapporte oor die vier jaar 1907-1910 lê inspekteur Ligertwood klem op die volgende aangeleenthede wat van groot belang is vir die onderwys en opvoeding in hierdie distrik.

Geboue en uitrusting. Oor hierdie aangeleentheid word gereeld aanmerkings in die inspeksierapporte gemaak. In 1907 bevind hy dat daar by baie geboue reeds 'n groot verbetering te bespeur is maar dat daar nog ongeskikte geboue bestaan. Die gebruik om onderwyserswonings vas aan die skoolgebou te bou, keur hy af. Daar bestaan 'n algemene tekort aan goeie boeke en veral aan onderwyserslessenaars en boekkaste. Skryfborde behoort by alle skole ingebou te word ten einde ruimte en geld te bespaar. Daar heers 'n algehele tekort aan goeie landkaarte[4].

Sy kritiek kom in 1908 weer op dieselfde neer en hy maak weer dieselfde aanbevelings[5].

In sy rapport van 1909 maak hy beswaar dat muurskryfborde nie in die nuwe geboue aangebring is nie. Ook wys hy weer daarop dat dit nie die regte ding is om onderwyserswonings vas aan die skoolgebou te bou nie. Hy meen ook dat beter wonings die rondtrek van onderwysers sal

/teenwerk ..........

---

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1910, 254.
2. Ibid., 257.
3. Ibid., 261.
4. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1907, 48-53.
5. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1908, 73.

teenwerk[1].

Die inspeksierapport van 1910 is vir sover dit die geboue aangaan bemoedigender, want hy het gevind dat die geboue, op 'n paar uitsonderings na, almal geskik is. Hy meen egter dat goeie landkaarte nog skaars is en dat skryfbordruimte, behalwe in die gevalle van die dorpskole, nêrens voldoende is nie[2].

<u>Inskrywing en skoolbesoek</u>. Hieroor word ook gereeld kommentaar gelewer. In 1907 was hy die mening toegedaan dat daar alreeds 'n verbetering in die skoolbesoek ingetree het, maar dat dit nog die geval is dat leerlinge te maklik in tye van drukte uit die skool gehou word. Hy meen dat alleen verpligte skoolbesoek hierdie leemte sal aanvul. Ook sal goeie kosinrigtings in die dorpe van groot waarde wees om groter inskrywings en 'n beter mate van skoolbesoek te verkry[3].

Die inspekteur bevind in 1908 reeds 'n groot verbetering in die skoolbesoek. Hy meen dat dit toe te skryf is aan die bepalings oor verpligte en gratis onderwys van die Smuts-wet. Dit sou, volgens hom, egter nog nodig wees om iemand weens skoolversuim te straf by wyse van 'n voorbeeld[4].

In 1910 het die inspekteur 'n geleidelike verbetering in die algemene peil van onderwys bespeur. Hy het dit toegeskryf aan die groter gemiddelde skoolbesoek[5].

<u>Onderwysers</u>. Die gehalte van werk wat die onderwyserskorps in dié distrik gelewer het, was volgens die inspekteur in

/1907 ..............

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1909, 57.
2. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1910, 128.
3. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1907, 48-53.
4. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1908, 73.
5. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1910, 128.

1907 nie baie hoog nie. Slegs drie persone het volgens hom in Desember 1906 'n Derde Klas-Onderwysersertifikaat aan die Normaalklas te Heidelberg behaal. Die verhouding van die ongesertifiseerde onderwysers tot die gesertifiseerdes was baie hoog. Die inspekteur se groot klagte was dat daar 'n groot tekort aan geskikte leerkragte by die buiteskole was en dat die gevolg hiervan was dat die leerlinge aldaar 'n lae gehalte van opvoeding ontvang het[1].

In 1908 kla hy dat hy nie die belangrikste deel van sy taak, nl. die hulp en voorligting aan die onderwysers, kan vervul nie weens die gebrek aan tyd. Hy meen egter dat die vakansiekursusse wonders verrig het en hy spreek die hoop uit dat dit na die buitedorpe uitgebrei sal word[2].

Die inspekteur se kommentaar oor onderwysers is in 1910 gunstiger. Hy het bevind dat die persentasie gesertifiseerde personeel toegeneem het danksy die opleiding van leerkragte deur die Heidelbergse Normaalkollege[3].

Sentralisasie. Inspekteur Ligertwood was 'n sterk voorstander van die sentralisasiebeleid. Hy wys in 1907 op die moeilikhede van die plaasmeester. Hy was van mening dat hierdie moeilikhede deur sentralisasie uit die weg geruim kan word maar dan moes dit spontaan van die publiek kom en nie van bo afgedwing word nie[4].

In 1908 beklemtoon hy weer die wenslikheid en noodsaaklikheid van sentralisasie. Hy bepleit die volgende twee maniere om leerlinge te konsentreer:

/ I. Hy is .........

---

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1907, 48-53.
2. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1908, 73.
3. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1910, 127.
4. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1907, 48-53.

I. Hy is 'n voorstander van 'n departementele transportskema; hy is egter bewus van die nadele van so 'n skema. In sy kring, meen hy, kan dit egter ingevoer word, aangesien hierdie distrik feitlik vry is van perdesiekte. Die uitsondering in dié opsig is langs die Kliprivier waar die siekte wel voorkom. Ook doen die inspekteur voorstelle aan die hand oor hoe om toesig oor die skema te hou, bv. deur die skoolraadslede of deur die inspekteur van onderwys.

II. Koshuise op die platteland word deur hom afgekeur, omdat toestande aldaar hulle nog nie daartoe leen nie. Koshuise moes in die dorpe opgerig word vir kinders na St. 4. Hy is 'n voorstander daarvan dat toelatingseksamens vir beurse ingestel moet word. Hy maak melding van 'n groot aantal skole wat miskien deur die toepassing van sy transportskema geamalgameer kan word[1].

In sy rapport van 1909 betreur die inspekteur die feit dat die neiging tot desentralisasie nog steeds bestaan en dat eenmanskole nog opgerig word. Die gevolg sou wees die toename van ongesertifiseerde onderwysers[2]. Aangesien daar 'n strawwe vrekte onder die perde gedurende die jaar geheers het, doen hy nou aan die hand dat 'n transportskema met donkies aangepak word[3].

Die inspekteur meld in sy rapport van 1910 dat daar nog geen pogings tot sentralisasie in sy distrik plaasgevind het nie. Hy meen egter dat die saak nog aandag geniet[4].

/Sport..............

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1908, 72-73.
2. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1909, 56.
3. Ibid.,
4. Ibid., Report for the year ended 30th June, 1910, 27.

Sport. Vir sover die sport by skole aangaan, rapporteer die inspekteur in 1909 dat daar feitlik by alle skole 'n voetbal is wat deur die kinders rondgeskop word. Van georganiseerde sport is daar egter geen teken nie[1].

3. Samevatting.

(a) Die toestand van die onderwys in Vereeniging onder die Kroonkoloniebestuur (1900-1906). Met die pogings wat in die oorlog aangewend is om onderwys aan die kinders van die Afrikanervolk te bring nog vars in die geheue, het die heer E.B. Sargant se onderwyswetgewing met die stigting van goewermentskole in 1902 sy verskyning gemaak. In hierdie stelsel is glad nie rekening gehou met die tradisies en oortuigings van die Transvaalse Boerebevolking nie. Die magte en pligte wat toegeken is aan skoolkommissies in die onderwysregulasies van 1903, het nie gestrook met die opvatting van die ouers nie. Onder die Engelse onderwysstelsel het die ouers hulle seggenskap oor die onderwys van hulle kinders verloor, terwyl hul godsdiens en taal in die goewermentskole nie tot sy reg gekom het nie. Dit het daartoe gelei dat die goewermentskole swak deur die Boerebevolking ondersteun is.

In 1903 is die C.N.O.-beweging gestig en is skole volgens die gees en tradisies van die Republikeinse onderwysstelsel in die lewe geroep. In die Vereenigingse distrik kon weliswaar van net een C.N.O.-skooltjie 'n spoor gevind word, maar dit kan met veiligheid aangeneem word dat dié kinders wat nie hierdie skooltjie of die ander goewerment-

/skole ............

1. T.E.D. Report for the year ended 30th June, 1909, 58.

skole besoek het nie, tuis deur die ouers of rondreisende onderwysers onderrig is in ooreenstemming met die gees en tradisies van die verslane Boerevolk.

Met die goewermentskole en die C.N.O.-skole in een land kon geen goeie vrugte gepluk word nie; altans nie soveel sukses is behaal as wat die geval kon gewees het met net een onderwysstelsel wat nie net volgens die gees van die bevolking opgerig is nie maar wat ook die belange van die volk op die hart gedra het.

Die plaasskooltjies is in hierdie tydperk weer geopen en hulle aantal het selfs toegeneem. Wat egter 'n struikelblok in die weg van vooruitgang op onderwysgebied in hierdie distrik was, soos tewens oor die hele Transvaal, was die gebrek aan die nodige Hollandse boeke, opgeleide onderwysers en geskikte klaskamers.

(b) <u>Die toestand van onderwys in Vereeniging onder Selfbestuur (1906-1910)</u>. Selfbestuur is in 1906 aan Transvaal toegeken en in die volgende jaar het die Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys, genl. Smuts, se onderwyswet sy verskyning gemaak. Hierin is getrag om rekening te hou met die oortuigings en tradisies van die bevolking. Ook het genl. Smuts blykbaar die nadeel van twee onderwysstelsels in een provinsie ingesien, want hy het alles in sy vermoë gedoen om die voorstanders en ondersteuners van die C.N.O.-skole oor te haal om hulle skole te laat oorneem deur die onderwysdepartement. Die gevolg was dan ook dat Vereeniging se C.N.O.-skooltjie vanaf 1907 as sodanig opgehou het om te bestaan.

Met die onderwyswet van 1907 is 'n groot aantal kinders verplig om die skool by te woon, want verpligte

/onderwys ..........

onderwys tussen die jare 7 en 14 is nou deur die wet vereis. Die gevolg hiervan was dan dat aansoek gedoen is vir die stigting van nuwe skole. Wat met die stigting van sodanige skole 'n belemmerende faktor was, was die groot tekort aan behoorlik opgeleide onderwysers. Waar onderwysers wel vir 'n nuwe skooltjie gevind is, was hulle meesal ongekwalifiseer, met die gevolg dat die onderwyspeil daaronder begin ly het. Te oordeel na die inspekteur het hierdie saak egter 'n gunstiger wending geneem en was die verskil tussen die aantal ongekwalifiseerde en gekwalifiseerde onderwysers in 1910, danksy die Normaalskool op Heidelberg, nie meer so groot nie.

Alhoewel die standaard van tweetaligheid nog nie na wense was nie, het alle kinders in 1910 reeds onderrig in albei landstale ontvang. Baie onderwysers het nie oor die nodige kwalifikasies beskik om albei landstale behoorlik te onderrig nie.

In Vereeniging het daar 'n gestadige vooruitgang op die onderwysgebied in hierdie periode plaasgevind. Sowel die aantal skole as die aantal onderwysers het toegeneem om in die lank gevoelde behoefte aan onderwysgeleenthede te voorsien. Dat hierdie getal skole egter nog ontoereikend was, blyk uit die talle aansoeke wat die skoolraad vir nuwe skole ontvang het.

Ook skoolgeboue het in hierdie distrik die nodige aandag begin geniet, want daar is stappe gedoen om skole op te rig; en waar die skool nie gou genoeg opgerig kon word nie is 'n skoolgebou gekoop.

Hoewel die inspekteur en die skoolraad ondersteuners van die sentralisasiebeleid was, was daar tot 1910 nog geen mate van sentralisasie in die Vereenigingse distrik nie.

/ Inteendeel .......

Inteendeel, die neiging was nog steeds in die rigting van desentralisasie.

Daar was dus 'n besliste mate van vooruitgang vanaf 1907, en met die Unifikasie was die meeste probleme van die neutrale staatskoolstelsel reeds oorkom en dié stelsel was na 1910 reeds besig om vinniger te ontwikkel.